

**Reeks:** Mites wat ons Miserabel Maak

**Titel:** 'As dit goed voel moet dit reg wees'

**Prediker:** Johan Geysers

**Datum:** 26 Junie 2011

daniellestraat, fairland 2030  
 posbus 1658, fairland 2030  
 t: 011 268 4700  
 f: 011 268 4800  
 info@mosaïek.com  
 www.mosaïek.com

"Then Jesus made it clear to his disciples that it was now necessary for Him to go to Jerusalem, submit to an ordeal of suffering at the hands of the religious leaders, be killed, and then, on the third day, be raised up alive. Peter took Him in hand protesting, impossible, Master, that can never be, but Jesus didn't swerve. Peter, get out of My way. Satan, get lost, you have no idea how God works.

Then Jesus went to work on his disciples. Anyone who intends to come with me has to let me lead. You are not in the driver's seat; I am. Don't run from suffering, embrace it. Follow me and I'll show you how. Self help is no help at all. Self sacrifice is the way, My way, to finding yourself, your true self. What kind of deal is it to get everything you want but lose yourself? What could you ever trade your soul for?"

**Mat 16:21-26 (The Message)**

Wat 'n wonderlike voorreg om so bymekaar te kan kom en oefeninge te doen, geestesoefeninge, jy weet, en dit lyk vir my as dit koud is dan het dit nie net 'n fisiese effek op ons nie, maar ook 'n innerlike effek, en dis of ons party so bietjie sukkel om in die ding te kom, jy weet, soos wat dit koud is, as jy moet oefen as dit koud is, maar wat 'n voorreg om te kan aanbid en tussen ander mense te kom, te kan sien, te kan agterkom, te kan voel wat dit beteken om te aanbid, die Skrif in jou in te werk, te peins, te mediteer, te dink. Wat 'n voorreg. Ons sê baie, baie dankie vir die inspirerende kunste span wat ons week vir week vat en voorberei, en die heel week sit en dink oor hoe hulle ons kan help om te oefen as ons bymekaar kom.

Nou, vanmôre, as ek goed voel dan moet dit reg wees. As ek 'n intuïsie, 'n positiewe emosie, 'n ligtheid, 'n toegeneëndheid in my binneste ervaar dan raak dit die fundamentele beginsel waarmee ek besluite neem, dan beteken dit dan kies ek dit, dan moet dit reg wees. Vir baie van ons beteken dit, as Christene, beteken dit vir ons dat dit is waarheen die Here my lei, dit is hoe ek weet of iets reg is, as ek lekker voel daarvoor, as ek hierdie ligtheid beleef in my binneste.

Dit beteken ook vir ons, maar dit is waar die Here is. Die Here is nie hier waar dit nie lekker is nie. Die vurg van die Gees is mos nie depressie nie. Die Gees van die... die vrug van die Gees is blydschap, so ek gaan daar waar dit bly is, waar dit lekker is. Dis miskien 'n onderliggende idee wat baie van ons nie soseer bewustelik al ooit oor gedink het nie. Ons doen dit net, want ons voel net dis so reg.

Ek meen, Freud het ook gesê dis 'n teken van 'n gesonde funksionering. As jy pyn vermy en blydschap wil vermeerder beteken dit jy is emosioneel gesond. Dit is natuurlik wat Freud gesê het baie van die besluite wat ons neem is glad nie die redes wat ons aanvoer daarvoor nie. Agteraf is ons diepste motivering om pyn te vermy en blydschap te ervaar in ons lewens. So wat is verkeerd daarmee? Hoekom doen ons dit? Ek meen, dis vir my amper asof Petrus presies dieselfde sou gedink het en gevoel het, want hier kom Jesus, in die gedeelte wat ons gelees het, nê, Hy se Ek moet nou na Jerusalem toe gaan om te ly en te sterwe, en dan sal Ek opgewek word.

Die groot Paschal misterie het die vroeë kerk dit genoem, wat beteken dat dit die misterie is waarvolgens God werk in ons lewens. Dis deur lyding, dis deur 'n dood, dis deur 'n opwekking. Dis 'n patroon waardeur God ons vat op verskillende maniere in ons lewens, dis die Paschal misterie. Jesus moes ly. Wat was Sy lyding? Dit was 'n fisiese, emosionele, geestelike lyding waardeur Hy moes gaan.

Hy is verwerp, Hy is verneder, Hy is verlaat, Hy het Sy vryheid verloor, Hy is verraai, Hy het fisies gely, jy weet, al hierdie goed gebeur met Jesus, en toe Hy sê Ek moet nou... it is necessary for Me to suffer, toe sê Petrus no way, nooit, nie met U nie, nie met U nie. Petrus voel net maar dit pas glad nie in God se plan nie, dat so iets met 'n mens sal gebeur nie. God wil mos vrede en lewe, en Hy wil hierdie goed vir ons hê. Hy wil nie hierdie goed vir ons hê nie, so dit sal nooit met U gebeur nie, want U is dan die Seun van God, die wil, U is die Messias. In U sal ten minste die wil van God geskied soos in niemand anderster se lewens nie, nie met U nie, nooit, en wat is Jesus se reaksie? Gaan weg agter my, Satan.



Sjoe, geweldige woorde. Hy sê nie vir hom jy is die duiwel nie, jy is net soos die duiwel. Jy dink soos hy. Jy weet nie hoe God dink nie. Jy weet nie hoe God werk nie. Dit is God se wil, dit is hoe God werk, en toe draai Jesus sommer dadelik om na al sy dissipels toe en Hy sê vir hulle, kom Ek sê vir julle dis nie net vir My nie, dis vir julle ook, so dis nie soos wat Ek en die kerk waarin ek gekom het vir my gesê is Jesus het deur hierdie goed gegaan dat jy nie deur dit hoef te gaan nie.

Jesus sê nee, kom ons verstaan mekaar net mooi, dis nie net vir My nie. Hierdie manier van werk, en dis wat Romeine 8:29 ook sê, God werk nie net met My so nie, God werk met jou so, Hy werk met ons almal so, en daarom sê Ek vir jou, ja, gaan lyding jou pad langs kom, en moenie weghardloop van dit nie, embrace dit, vat die lyding wat jou pad langs kom, wat vir jou bestem is en vir jou bedoel is, vat dit, want iets wonderliks gaan met jou gebeur daardeur.

Dit is hoe... daar gaan 'n opwekking in jou lewe plaasvind. Jy gaan by jou ware self uitkom. Jy gaan... jy gaan die lewe ontdek soos nog nooit tevore as jy deur hierdie pad gaan nie. Kyk, Jesus het dit baie geleer, dis nie net hier nie. Hy... in die saligsprekinge sê Hy salig sal jy wees as jy treur, want dan sal jy vertroos word. Salig beteken om amplified... to be spiritually prosperous with life joy, to be enviably happy.

As jy wil bly raak dan moet jy leer om te treur. Jy moet leer om jou pyn te vat. Jy moet leer om dit te doen. Jy sal vertroos word. Jy sal. Die Heilige Gees is die groot trooster, Hy sal jou help wanneer jy bereid is om dit te doen en daardie pad te stap, so om net te sê dat ek net lekker wil voel en dat ek net lekker gevoelens volg en net besluite neem wat my na plekke toe sal vat waar ek... is gevaarlik.

As jy so dink dan lei dit uiteindelik daartoe dat jy negatiewe emosies wil uitskuif uit jou lewe uit op 'n paar maniere. Jy wil dit... jy ignoreer dit dikwels as dit die filosofie is waarvolgens jy lewe, en natuurlik wat ek dink diep in baie van ons... in ons almal gewortel is op een of ander manier, ek ignoreer dit. Ek ignoreer dit of... ek ignoreer dit buite my. As daar iets gebeur wat negatief is dan sê ek partykeer dit het nie met... die het nie gebeur nie, dit het nie gebeur nie, so ek ontken die realiteit waarin ek is. Dit is nie so nie, jy weet.

Ek ontmoet 'n vrou; haar man was ontrou in die huwelik. Hy het berou daaroor, hy wil regmaak, hy wil praat daaroor. Sy weier om te praat daaroor. Sy gaan aan asof niks gebeur het nie. Dit... dis te seer om dit te vat, dis te seer om dit te erken, so ek sê vir myself dit het nie gebeur nie, of ek erken nie wat ek voel hier binne in my nie. Ek gee dit 'n ander naam. Ek het seer, ek het pyn, ek is kwaad: ek noem dit blydskap. Ek sê nee, ek is bly. Ek lag daaroor, jy weet.


Dink jy dit verander skielik hierdie emosie wat in jou is na blydskap toe omdat jy dit blydskap noem? Nee, dit bly woede. Al noem jy dit enige iets anderster, dit bly woede, en so is dit dat baie van ons dink dat as ek dit iets anderster noem, jy weet, as ek dit totaal ignoreer, ek laat my nie toe om dit te voel nie, ek laat my nie toe om soontoe te gaan nie, ek weier om so te voel, ek noem dit... ek maak asof dit iets anderster is, en ek fake 'n ander emosie in daardie emosie se plek, en party van ons, en hier is die probleem, party van ons noem dit geloof.

Ons sê maar dis mos wat geloof is. Ek weier om dit te aanvaar, ek weier om iets negatief te sê daaroor. Kyk, dis magical thinking. Ek bely net die woord daaroor of so iets, nê, dan gaan God dit uitwerk en God gaan dit verander, maar ten diepste is dit nie 'n aanvaarding, jy het nie gewroeg deur die pyn en deur die goed gegaan, aanvaar, jy het nie 'n woord van die Here gehoor wat Hy in jou... meganies gaan jou nou deur die proses en onderduk jy hierdie gevoelens. Jy ontken en jy ignoreer dit. Jy sê dis geloof en nou dink jy dit gaan anderster uitwerk. Dis nie gesond nie. Dis uiters gevaarlik. Ek het 'n paar keer gesien... in extreme gevalle het ek al gesien hoe dit letterlik fisies die dood van mense beteken het.

Een van ons ouderlinge, nou 20 jaar terug, se seun... die kinders besoek nog... is nog lidmate, hulle is nog hier. Miskien sit hulle hier vanmôre en sal hulle onthou waardeur ons gegaan het 20 jaar terug toe een van ons ouderlinge siek geword het, in die bed beland het, en hy wil nie dokter toe gaan nie.

Uiteindelik die dokter gekry by hom, hy het by hom gekom en vir hom gesê jy is 'n diabeet. Jy moet dringend opgeneem word in die hospitaal, hy is besig om sy gesig al te verloor, jy het behandeling nodig, en hy net gesê het, nee, ek gaan nie. Hy sê God gaan my gesond maak, ek is nie siek nie. Hy sing koortjies en hy haal teksverse aan.

Ek gaan na hom toe en ek praat met hom, en ek probeer vir hom sê, en ek probeer hom oortuig dat dit... jy nie die lewe moet opsplits en sê God is net in die ongewone en in die buitengewone, dis al waar God is. God is ook in jou



kos. God is wat ons gesing het. Hy is in jou pyn, Hy is... in alles kan jy God vind, en God werk deur die kos wat jy eet. Deur die kos wat jy eet kan jy gesond word. Deur die kos wat jy eet kan jy siek word.

God is ook in die natuurlike prosesse. Hy is in swaartekrag. Hy het hierdie goed gemaak, die wetmatighede van... God is ook in dit, en pilletjies is net 'n komposisie, dit is net meer stikstof, waterstof. Al hierdie goedjies wat ons gevind het, dis maar die goed wat in kos is, die middele, vind ons nou in pille ook en goed, en ek probeer vir hom verduidelik in leketaal en sê oom, dis nie verkeerd om dokter toe te gaan nie, en dis nie nodig om nou dood te gaan nie. Hy het geweier om dit te aanvaar en hy het uiteindelik gesterf daardeur, ignoreer.

Ons leer onself partykeer om nie te voel nie. Ek wil nie voel nie. Dis wat Hindoes doen as hulle oor die kole loop. Kyk, as jy vir 'n Hindoe vra, maar is dit nie seer nie dan sê hy ja, natuurlik is dit seer, maar die trick is om dit nie te voel nie, en wat hulle doen, fisies, met hulle liggame, wil hulle ook psigies met hulle emosies doen en met hulle binnekant doen, leer om nie te voel nie, want die wêreld is bad, hier is baie pyn. Leer om nie te voel nie, maar ons ignoreer nie net nie, ons vermy.

Ons begin om ons lewens in te rig om alle lyding en negatiwiteit en gevoelens te vermy in die lewe, jy weet, ag, met klein goedjies soos byvoorbeeld die nuus. Ek kry iemand wat sê ek weier om nuus te kyk, dis te negatief, so dit verander alles. Nou is alles positief in jou wêreld, in jou wêreld. In die wêreld is dit realiteit, is dit hoe ons wêreld is en lyk, jy weet?

Iemand sê ek ry nie verby die plakkerskampe nie, dit maak my morbied, jy weet, so, okay, dan kry jy 'n ander pad, jy connect met ander mense. Jy gaan net na plekke toe wat jou lekker laat voel en lekker laat dink. Jy skep vir jou 'n kokon om in te leef. Dis vermyding. Ons... die manier waarop ons omgaan met die dood, nê, dis seker vir my... weet jy, as ek eintlik net... mens kan nie help om 'n glimlag te kry as jy kyk wat ons doen nie, maar as jy in dit is sien jy dit natuurlik nie raak nie.

As jy bietjie buite dit staan, ons het van dood 'n koue, kliniese, sanitêre gebeurtenis gemaak. Meeste van ons gaan nie meer dood by die huis nie. As dit lyk asof jy doodgaan dat moet jy uit. Hey, sit hom daar in 'n kamertjie, eenkant, maak hom toe. Hulle is professioneel daar. Hulle kan jou help om mooi dood te gaan daar, maar dink bietjie in die ou tyd. Ons het almal in die huise doodgegaan.

Die lyk het in die huis gelê. Almal het gevat aan hom. Almal het gewerk met hom. Dit het ons gehelp om met die realiteit en met die pyn te vat en te voel, maar van... en die oomblik as hy dood is dan trek ons daardie gordyntjie... nee, weg... bly... nee, bly weg, nou is dit... stoot hom... maak hom toe, yskas toe, weg met hom, nou is dit verby. Nou is dit verby, en ons hou 'n roudiens maar hy is nie hier nie, hy is gone, jy weet. Dit is hoe ons omgaan met... dis 'n manier van vermyding.

En dan, op die begrafnis, as iemand begin te huil, wat doen ons? Help haar! Sjuut! Sjuut! Sê vir haar, laat sy beheer kry. Huh? Gee vir haar iets om te drink. Het sy haar pille? Kry die dokter, kry die dokter. Huh? Ons moet net nie voel nie. Ons moet net nie... maar het julle op televisie al gesien hoe die ander kulture, nê, treur en huil? Het julle al gesien hoe van die swart mense... huh? Met oorgawe, nê, en baie gesofistikeerd, jy weet, dis barbaars. Miskien kan ons by hulle leer. Miskien kan ons leer om te huil, om te voel, om dit te embrace. Dis real, dis erg, jy weet, maar nee, nee, nee, ons vermy dit.

Kyk, ons sien dit in verhoudings, presies dieselfde ding, en ons gaan, en ek dink dit neem toe, 75% van ons kinders in die Sondagskool bly nie by hulle eie pa en ma nie, saamgestelde gesinne of enkelouer gesinne. Dit beteken dat ons is erg getraumatiseer. Ons weet wat is pyn. Ons weet wat dit is as verhoudings nie uitwerk nie, maar weet jy wat is my... wat is my kommer?

My kommer is dat baie van ons besef dat dit seer is en gevaarlik is om in diep verhoudings betrokke te raak, en nou wil ons nie meer onself gee nie. Ons vermy 'n diep betrokkenheid. Ons vermy intimiteit, 'n regtige oopmaak en 'n gee van jouself, en ons sien dit in die feit dat ons nie wil commit nie, so ons gaan bly net saam met mekaar; kom ons kyk of dit uitwerk.

Kyk, daar kom 'n paartjie na my toe en vra vir my asseblief of ons net die huweliksformulier kan verander. Daar waar hulle sê ons bly by mekaar toe tot ons doodgaan, kan ons net dit uithaal? Ons belof en bevestig dat ons gee onself, ons gaan nou in siek... ons gaan alles, maar nie tot die dood. Hoe weet ons of ons dit kan tot... doen



tot die dood toe? Ons wil nie fake nie, ons wil nie... ons wil nie nou hier beloftes maak wat ons nie kan hou nie. Ek wil daardie agterdeurtjie oopmaak.

Ek sê vir hulle ek is baie jammer, dit is wonderlik, die feit dat julle eerlik wil wees, die feit dat julle intensioneel is, die feit dat julle dink dat julle nie wil fake nie, dit is fantasties, maar die feit dat jy wil commit op 'n manier waar jy nie alles wil gee vir altyd nie is 'n probleem.

Kyk, dis swaar genoeg om die huwelik te maak werk as jy committed is, maar as jy nou in hierdie huwelik inklim, en kyk hier, die huwelik is nie net ek stem saam, ek gaan met jou slaap nie, dis bietjie meer as dit. Dit is ek staan nou saam met jou. Ek vat nou jou probleme, jou pyn, jou frustrasie, die teleurstelling. Ek is nou saam met jou hier in en ek staan nou saam met jou, en ek vat dit saam met jou.

Dis 'n baie groter commitment wat jy moet maak, so as jy nou met jou een voet in die huwelik is, maar met die ander voet is jy buite die huwelik, nou evalueer jy nog hierdie huwelik, hierdie verhouding, gaan dit werk, gaan dit nie werk nie, is dit okay, is dit... dan het jy nie 'n kans om dit te maak werk nie. Jy het nie 'n kans nie.

Dis hoekom saambly honderd keer meer opbreek as wat trou opbreek, want dit kan nie werk as jy nie bereid... en hoekom wil ons dit nie doen nie? Dis te seer. Dis te seer. Sê nou dit werk nie uit nie. Die pyn. Ek wil nie soontoe gaan nie, so ek kan myself nie heeltemal gee in 'n verhouding nie. Ag, dit gebeur partykeer met ons om te vermy sonder dat ons dit besef.

As ouers probeer ons baiekeer om ons kinders... die pyn weg te vat vir ons kinders, en veral ons. Ons wat geld het kan dit baie makliker doen as wat ander mense dit doen. 'n Familielid vertel my 'n rukkie terug sy was baie mooi gewees, sy het baie goed gedoen in sport, jy weet, sy was een van daardie sterre op skool. Kyk, dit is gewoonlik die mooies, die slimmes, en die een wat vooruitgaan, dit is hulle wat ook eerste begin date, nê, en al die nerds beny hulle en sê, jis, as ek darem maar so 'n lewe kon gehad het, nê, op skool, julle onthou dit, nê, en wat gebeur, wat... ek vra jou, wat het gebeur met die sterre op skool?

Kyk dis natuurlik die grootste, lekkerste ding op 'n reunie; wat het nou met daardie ouens gebeur wat nou die hoofseuns was en wat nou al die goed gedoen het op skool, en dan die groot ontnugtering en die what, maar hy het dan alles gehad wat... in die lewe wat vir hom gegaan het, maar dis partykeer die groot probleem, dis te maklik. Alles word vir hom gedoen. Pa en ma rol alles weg, die eksamens ook.

Julle onthou mos daardie ouens, nê, nee, hy moet nou gaan deelneem, nasionaal, hy kan nie nou eksamen skryf nie. Daar word spesiaal Saterdag ingekom dat hy sommer 'n mondeling kan aflê, en dan cum hy nog die mondeling ook na ons hom gebel het en vir hom alles gesê het wat ons gekry het in die eksamen, en so gaan hy deur, nê. Alles werk net uit vir hom op alle gebiede. Hy leer nie die lesse wat hy moet leer nie. Hy vat nie verantwoordelikheid soos wat hy moet vat nie.

Jy weet, daar is vaardighede wat hy nooit ontwikkel nie, daar is gewoontes wat hy nooit kan aanleer nie, goed soos commitment, goed soos swaarkry, goed soos uitgestelde genot. Hy leer nie daardie goed nie, alles word vir hom gedoen, en dit is hoekom dit baiekeer daardie ouens is wat hierdie perfekte skoolloopbane het en goed wat skielik die dropouts is op varsity, wat skielik werk... hulle eie lewe daarna werk net nie uit nie, want ons vermy die pyn, ons vermy die lesse, en baie van ons doen dit want ons wil dit wegvat vir al die mense om ons.

En dan, die ander manier is om dit te oorkom, te transendeer. Nou, dis 'n interessante verskynsel en 'n manier om te werk met die lyding van die lewe. Baie van ons dink, okay, in plaas daarvan... ek ly omdat ek te veel verwag, omdat ek te veel wil hê, so in plaas daarvan om harder te werk, kom ek lower net my expectations. Kyk, ek kan mos nie teleurgesteld wees as ek niks verwag nie. Ek is net teleurgesteld en ek het net pyn as ek iets wil hê, so detach, maak los van alle begeertes, nê, moenie liefde wil hê nie, want die oomblik wat jy liefde wil hê gaan jy net teleurgesteld word, jy gaan pyn hê, so raak ontslae van alle begeertes.

Dit is natuurlik 'n manier... dis natuurlik wat agter die hele Boeddhistiese filosofie lê, dit is Boeddha se groot insig wat hy gekry het dat ons ly as gevolg van ons begeertes, en die Boeddha se groot insig was, maar raak ontslae van jou begeertes dan oorkom jy lyding in die lewe, dan gaan jy nooit weer swaarkry nie, maar die probleem is as ons op hierdie maniere probeer werk met lyding, wat gebeur met ons? Ons connect nooit diep met ander mense nie want ons connect nooit diep met onself nie. Kan jy dit verstaan? Dis hoekom... dis hoekom ons nie die commitment kan maak nie. Dis hoekom baie mense wil vandag emosioneel lewe en emosioneel betrokke raak by



ander mense, maar is glad nog eers emosioneel betrokke in hulle eie lewe nie. Hulle is nie vulnerable nie want hulle is nie in kontak met hul eie leiding nie.

Elke een van ons ly. Elke een van ons ly. Elke een van ons kry swaar, dis die realiteit van die lewe, maar as ons dit ontken en ons werk dit uit ons lewe uit, hoe kan jy connect met ander mense se leiding in die lewe as jy nie met jou eie lewe nie, so daar is geen diepte kontak nie. Dit beteken ook mos ek kan nie regtig meegevoel hê nie. Ek weet nie wat dit is nie. Al realiteit wat daar vir my is is my wêreld en my lewe.

Ons raak flatliners. Ons kan nie voel nie, maar dis 'n teken van 'n doodsheid wat in jou lewe kom. Jy verloor jou siel, soos Jesus sê. Jou siel gaan verlore want jy kan nie meer voel nie. Ongelukkig kan jy nie net die negatiewe emosies afskakel in jou lewe en dan ervaar jy net... jy skakel gevoel in jou lewe af. Jy kan nie meer goed voel nie, en jy kan ook nie meer sleg voel nie, en dis wat jy... jy weet... dooie selle: jou naels, jou hare, jy het nie gevoel nie. Jy kan dit maar afsny want dis dooie selle, maar dis omdat dit dood is.

Jou lewendige selle kan voel, dis hoekom, as jy lewe kan jy voel, en miskien het God ons so gemaak dat dit supposed to be om te hurt, dit moet seer wees want dit is hoe Hy ons gemaak het, so die... en uiteidelik is daardie manier van lewe ly tot 'n totale verveeldheid, en is dit nie die epidemie van ons tyd nie? Mense is verveeld met hulle werk, hulle is verveeld... hulle lewe is vervelig. Daar is niks interessants vir hulle in hulle lewe nie.

Mense is verveeld in hulle huwelike, en daarom moet ek 'n kick kry. Ek moet iets doen wat nog nooit voorheen gedoen is nie, nê? Ek moet hierdie asemrowende vakansies hou, so een of twee... dis die moeite werd om die hele jaar swaar te kry dat ek darem een ordentlike vakansie 'n jaar kan kry, dan lewe ek weer. Dis al waaroor dit gaan, maar sy lewe vind hy vervelig.

Ons dink dis wat ons doen, ons dink dis met wie ons dit doen, so kom ons ruil ons partners, kom ons gaan bly in die Kaap. Hierdie Gauteng is vervelig, maar hier in die Kaap is exciting, hoor. Die probleem is, waar jy gaan, daar is jy, en dan kom jy in die Kaap, en na so 'n rukkie was jy nou by al die uitgangplekke, en wat gebeur? Dis boring in die Kaap ook, ek moet Australië toe en by die kangeroos gaan bly, huh?

Dis nie die probleem nie. Die probleem is in jou, dis die doodsheid in jou. Dis die lewe wat jy gekies het om te lewe. Jesus nooi ons uit en Hy sê... Hy nooi ons eers uit, kom face reality. Aanvaar, erken realiteit, dit wat na jou lewe toe kom. Jesus sê Ek het gely. Jy weet, Hebreërs sê Hy het gehoorsaamheid geleer deurdat Hy gely het. Dis... dit kom jou pad langs ook.


Weet jy wat, Hy is verraai, jy kan verraai word. Hy is teleurgesteld, jy kan teleurgesteld... ons gaan deur dieselfde goed, gebeur met ons ook. Siekte kom ook jou pad langs, jy weet, en so... so jou... baie mense se definisie van Christenskap is dit is 'n polis teen alles wat bad is in die lewe. Nee! Jy gaan anders deur dit gaan, maar dis nodig, en prys dit. Dis die realiteit van my lewe, en dan... leer om te treur daarvoor. Voel dit.

Jy weet, baie van ons het nooit geleer... ons is... ons dink dis verkeerd, ek mag nie so voel nie. Daar is nie mag nie so voel nie. Dis wat jy doen met die emosie, dit is waarheen jy gaan met die emosie. Baie is te bang. Sê nou ek gaan twilight zone toe en ek kom nooit weer daaruit nie, huh, so ons groot ding is beheer, verstaan, maar die realiteit is ons kan nie altyd al die emosies verstaan nie, en die realiteit is dat ons kan nie...

Jy weet, selfbeheersing beteken nie ek onderdruk en ek beheer net my emosies soos 'n masjien, jy weet, en ongelukkig baie van die fliëks wys vir ons, maar die nuwe beelde kom uit Avatar, nê, klim in in die pantser, word 'n robot, nê, loop rond met die goed, ek voel nie, niks kan by my kom nie, niemand kan my seermaak nie. Wie oorwen... oorwin toe op die einde? Die ou was kan voel. Die ou wat gebreklik is. Hy is... dis... dis die lewe, embrace dit, vat dit.

Jy weet, ek kan dit so uitbeeld in drie sirkeltjies. Party van ons rasionaliseer, die linkerste een, en die emosieblokkie is eintlik bietjie klein, jy kan hom baie kleiner maak as jy teken. Daar is bietjie emosie, daar is vreeslik baie denke. Nou, en dit is natuurlik in ons kultuur word daardie manier van funksionering geprys. O, hy is so in beheer van sy lewe, en, jy weet, veral mans, jy weet, moenie voel nie. Jy is 'n sissie, man. Moenie so huil nie, jy is nie 'n sissie nie, so, jy weet, kry beheer en dink, maar eintlik is dit vermy, onderdruk al daardie goed van daardie emosies.

En ons dink baiekeer, jis, dis nou fantasies as ons daar kan uitkom, maar weet jy hoe bad is dit om so te lewe, om... jy kan nie voel nie, dis jou probleem, nê, jy kan nie meegevoel hê nie. Dis die ouens wat in midlife in affairs



betrokke raak. Dis die ouens wie se damwalletjie breek, dis hulle wat totaal skielik op 'n tyd oorweldig word deur emosies, dan begin hulle soos tieners op te tree. Dis dan wanneer hulle... ek wil nou nie dit tipeer nie, jy weet, maar dan begin hulle allerhande ander snaakse goeters doen wat eintlik meer gepas is vir 'n tiener in sy lewe om deur daardie stadium te kan gaan.

Dan kry jy die ander kant weer, min denke, baie emosies. Ek wil nie na die geslag verwys wie se tendens dit is nie, maar daar is partykeer mense wat... jy weet... en natuurlik in extreme gevalle dan is dit, jy weet... jy weet, iemand wat 'n... iemand wat wil selfmoord pleeg. Dit help nie jy praat met daardie persoon en sê vir hom maar jy het twee kindertjies nie, jy het 'n goeie werk. Dit maak nie saak nie, emosies het totaal oorgeneem, daar is net geen nugterheid nie, jy weet, so dis nie een van twee... die twee maniere is eintlik die manier om te lewe nie.

Dit is meer wanneer daar 'n ewililibrium in ons lewens kom van denke en van emosies, maar dit beteken dat ons 'n groot deel van ons lewe met donkerheid sal leef, jy weet, en daar's hierdie idee en tradisie dat... van the holy fool in die kerk en in die Judaïsme wat leer dat die ou is eintlik heeltemal onlogies en jy kan hom nie verstaan nie, maar hy is 'n holy fool, because the fool lives in darkness, maar ons slaap die helfte van ons lewens, so dit beteken ons kan die helfte van ons lewens in onsekerheid leef, in donkerte leef, dat ek kan nie al my emosies verstaan nie, maar dis okay, dis okay.

Ek kan nie al my emosies beheer soos 'n robot nie, maar dis okay. Emosies is eers gemaak om te voel, nie om te verstaan nie. Voel jou emosies. Ja, ons kan werk ook met dit, maar dit... daar... 'n groot deel van my lewe is wat 'n misterie is, wat ek kan embrace en wat ek mee kan leef, en ja, ons weet, wanneer ek deur 'n verlies gaan dat dit veroorsaak pyn, en ek kan deur ontkenning gaan, en ek kan deur verwyte gaan, en ek kan deur bargaining gaan, en ek kan deur depressie gaan, maar dis okay, ek embrace dit, ek sit met dit.

'n Man is nie 'n ou wat nie voel nie, 'n man is 'n ou wat kan voel. Dit vat 'n man, dit vat courage. Dit vat moed om dit te kan doen, dan doen ons dit met geloof. Ons word uitgenooi om te glo dat wanneer ons dit doen dat die Here sal ons vertroos, die Heilige Gees sal met ons werk as ons dit doen. Hy sê jy sal salig word as jy dit doen.

Ek het 'n beeld op my stoep bo wat ek so na die ooste toe laat kyk, na die son wat in die oggend opkom, en ek noem hom Wagter, want die profeet het gesê... vir die wagter gevra hoe vêr is die dag, wanneer gaan die son skyn, wanneer gaan dit weer great wees, en elke dag as ek na hom kyk dan hoor ek hoe daardie wagter sê hoe vêr is die dag. Dit kom. Dit kom.

Joy comes in the morning het die psalmis gesê, en ek sien dit, ek verwag dit. Ek gaan met 'n groot geloof in dat wanneer ek rou en wanneer dit ek embrace, ek deel is van hierdie Paschal misterie, van afskeid neem, van 'n dood wat ek sterf, van iets nuuts in wat my geskep word, net soos by die geboorte van 'n kind. Sjoë, dit gaan darem maar gepaard met bloed en pyn en skreeu en dis nie great om dit... deel te wees daarvan nie, hoor, en vrouens het nie 'n idee waardeur mans gaan by die geboorte van 'n kind nie.

Ek het uitgepass by die geboorte. Sy het nie uitgepass nie, sy was happy, sy het dit deurgesien. Dis erg om deur dit te gaan, maar iets wonderliks word gebore daaruit, en weet jy, jou nuwe identiteit, ons moet 'n ou mens dikwels afsterf. Jy het gewoontes, jy het waardes. Weet jy hoe moeilik skuif 'n waarde in jou lewe? Weet jy hoe moeilik skuif 'n paradigma in jou lewe as jy kyk na sekere goed? Dit gaan gepaard met pyn. Dit gaan gepaard met treur, maar daar word... 'n nuwe jy kom tot stand.

Jy ontvang 'n nuwe gees om in te lewe, so ek... en hier is die ander kant: ek word nie 'n smartvraat nie. Ek hou nie van aan pyn en wil net pyn in my lewe hê nie, want jy kry dit ook, nê, dat pyn raak die nuwe goed voel. Ek voel net goed as ek sleg voel, en party mense gun hulleself glad nie om goed te voel nie. Ons kry dit. Jy is in 'n abusive verhouding, dit werk glad nie uit nie, dit kos jou amper jou lewe, jy klim uit en jy klim weer in 'n abusive verhouding in. Hoekom?

Ek vra iemand wat vir my vertel wat haar man aan haar doen hoekom vat jy dit, hoekom gaan jy aan daarmee, maar dis asof sy sê maar ek kan dit net nie verdien nie, ek kan net nie opstaan nie, ek kan net nie uit hierdie ding uit kom nie. Dis asof iets in my sê ek moet die pyn... ek is vir pyn gemaak. Nee, jy is nie. Jy is nie. Jy is deur die koninkryk van God, wat blydschap is, wat vrede is, maar die realiteit is dat dit dikwels 'n proses is om daarby uit te kom, en dat daar nie 'n kortpad soontoe is nie, maar dat dit deur my treur is wat ek deur die blydschap van die Here sal uitkom.



Wat ek probeer sê is dat ons lewe 'n paradoks is, wanneer ons net gaan vir blydschap dit ons gaan ontwyk, dat dit ons lewe kan vernietig, wanneer ons net gaan vir pyn net so sleg is en dat ons ten gronde gaan gaan. Ons het 'n diep onderskeiding nodig, en daarvoor het ons dikwels mense nodig om ons by te staan op hierdie proses. Dis hoekom community so belangrik is, dat jy kan nie alleen huil nie. Jy het mense om jou nodig.

Die ou profete het dit geglo, die Judaïste het hierdie sewe dae sittings, Skeva [?] noem hulle dit, waar... met Job se lyding ook kom sit sy vriende by hom vir sewe dae. Partykeer sê hulle niks. Hulle bly stil vir sewe dae. Dis net wees net daar vir my, sê vir my ek is okay, sê vir my dit gaan beter gaan. Sê vir my dit gaan ook verbygaan. Wees net daar saam met my. Dis hoekom ons community nodig het, en ons het 'n onderskeiding nodig.

Die hoekom ons dikwels vir terapie en geestelike begelyding moet gaan. Is dit my joy? Is dit nie my joy nie? Is dit my pyn? Is dit nie my pyn nie? Wat moet ek dien hiermee? Hoe embrace ek dit? Hoe leef ek hiermee? Hoe kyk ek na die môre? Hoe wag ek? Hoe ervaar ek? Hoe ontvang ek die nuwe gees, die nuwe spirit waarin ek ook moet leef en moet ingaan?

Kom ons bid saam. Vader, ons dank U dat ons vanmôre hier kan saam wees. U weet waar elke een van ons is. U ken ons lewe. U weet hoe ons partykeer weghardloop. U weet, Here, hoe ons partykeer na goed gryp en so oppervlakkig probeer deel met die verveeldheid, met die realiteit van ons lewe. Help ons om in te sien, diep te kan insien.

Help ons om die regte besluite te neem. Help ons om te gaan waar U ons lei in die wete dat U met ons is, dat U ons nie sal los nie, dat U vertroos, dat U versterk, en dat U blydschap bring, soos wat die oggendson opkom en skyn U sal skyn oor ons. Ons dank U daarvoor, Vader, in die naam van Jesus, amen.

Mag die blydschap van die Heilige Gees jou deel word, in die naam van Jesus, amen.

